DIE VIER EN TWINTIG ARTIKELS VAN DIE GELOOF

(Hierdie Artikels van die Geloof is aanvaar deur die Presbiteriaanse Kerk van Engeland in 1890 en deur die eerste Algemene Kerkvergadering van die Prebiteriaanse Kerk van Suid-Afrika in 1897)

1. AANGAANDE GOD

Ons glo in, en aanbid, een lewende en ware God, wat Gees is, wat persoonlik, oneindig en ewig is, die alomteenwoordige en die almagtige Skepper en soewereine Heer van alles, die mees geprysde, heiligste en mees vrye; volmaak in wysheid, reg, waarheid en liefde; vir ons die mees barmhartige en genadige, wat ons moet aanhang en wat ons alleen moet aanbid en gehoorsaam. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

2. AANGAANDE DIE DRIE-ENIGHEID

Ons erken, saam met die antieke Kerk, die geheimenis van die Heilige Drie-enigheid soos geopenbaar in die Bybel, en glo dat daar in die eenheid van die ewige, hoogste geëerde Godheid, drie Persone is nl. die Vader, die Seun en die Heilige Gees, wesenlik een en gelyk in almag en heerlikheid.

3. AANGAANDE DIE SKEPPING

Ons glo dat die almagtige God, vir Sy eie heilige en liefdevolle doel, dit goed gevind het om in die begin die hemele en die aarde te skep, deur die Seun, die Ewige Woord; en, om deur opeenvolgende stadiums hierdie wêreld te vorm en te orden; om lewe te gee aan alle skepsels; en om die mens te maak na Sy eie beeld, sodat hy God kan verheerlik en geniet en die aarde kan bewoon en die skepping aan hom onderwerp, tot lofprysing van die Naam van sy Skepper.

4. AANGAANDE VOORSIENIGHEID

Ons glo, dat God die Skepper alles onderhou deur die Woord van Sy almag, waardeur Hy al Sy skepsels bewaar en onderhou, volgens wat wesenlik eie aan hulle is; en dat Hy, deur die teenwoordigheid en krag van Sy Gees in die natuur en die geskiedenis, alle gebeure verorden en regeer volgens Sy eie hoë plan. Tog verorden Hy nie, of keur hy geensins die sonde goed nie; ook word die vryheid en verantwoordelikheid van die mens nie weggeneem nie, nog is daar enige perke gestel aan Sy soewereine vryheid wat kan werk wanneer en waar dit Hom behaag.

5. AANGAANDE DIE VAL

Ons glo en erken dat ons eerste vader, Adam, die verteenwoordigende hoof sowel as die gemeenskaplike voorvader van die mensdom, die gebod van God oortree het deur die versoeking van die duiwel, en dat, as gevolg van hierdie oortreding, hy uit sy oorspronklike toestand van onskuld en gemeenskap met God geval het. So het die hele mensdom, deur hom, ook gekom onder die regverdige oordeel waardeur hulle ook onderworpe is aan die straf van die dood. Die mensdom het ‘n sondige natuur ge-erf en is vervreemd van God. Uit die sondige natuur spruit alle ware oortredings en ons erken dat geen mens homself uit hierdie toestand kan red nie.

6. AANGAANDE DIE REDDENDE GENADE

Ons glo en erken dat God, wat ryk is in ontferming en volmaakte regverdigheid, beweeg is deur Sy groot liefde vir die mens om van die begin af ‘n belofte van redding aan die mens te maak, wat Hy van tyd tot tyd bevestig en ontvou het, en dat, in die volheid van die tyd, Hy Sy genadige doel vervul het deur Sy Seun te stuur om die Verlosser van die wêreld te wees; waardeur ons redding uit sonde en ellende altyd toe te skryf is aan Sy vrye en soewereine genade.

7. AANGAANDE ONS HERE JESUS CHRISTUS

Ons glo in en erken saam met die antieke Kerk dat die Here Jesus Christus, wat die ewige Seun van God is, mens geword het deur die aanname van ‘n ware menslike liggaam en siel, hoewel sonder sonde. Hy is ontvang uit die krag van die Heilige Gees, en is gebore uit die Maagd Maria; sodat Hy beide God en mens is. Ons glo dat in die een Persoon, twee volledige volmaakte en afsonderlike nature verenig is, die Goddelike en die menslike, sodat Hy die Middelaar kan wees tussen God en die mens, en dat ons alleen deur Hom gered word.

8. AANGAANDE DIE WERK VAN CHRISTUS

Ons glo dat die Middelaar, die Here Jesus Christus, gesalf is met die Heilige Gees om die Koinkryk van God uit te roep en daar te stel onder die mense. Hy het die Vader, Wie se beeld Hy is, bekend gemaak deur Sy volmaakte lewe op die aarde, deur woorde en dade van genade, en deur Sy dood aan die kruis. Hy het ten volle aan die Goddelike reg voldoen en vir ons die vergewing van sondes, versoening met God en die gawe van die ewige lewe verkry, deur Sy gehoorsaamheid aan die wet en wil van Sy Vader om ons onthalwe. Hy het Homself gegee, selfs tot die dood toe, toe Hy ons sonde gedra het, as ‘n vlekkelose offer aan God.

9. AANGAANDE DIE VERHEERLIKING VAN CHRISTUS

Ons glo dat Jesus Christus, wat vir ons gekruisig, gesterwe en begrawe is, nie vergaan het nie, maar op die derde dag weer opgewek is. In Sy opstanding ontvang ons ‘n nuwe lewe, met die belofte van ‘n heerlike opstanding uit die dood. Hy het in dieselfde liggaam waarin Hy uit die dood opgestaan het, opgevaar na die hemel, waar Hy, as ons Hoëpriester, voortdurend vir ons intree en aan die regterhand van God sit as die Hoof van die Kerk, beklee met gesag en mag as Heer oor alles.

10. AANGAANDE DIE EVANGELIE

Ons glo vas en verklaar dat God, wat wil hê dat alle mense gered sal word en kennis van die waarheid sal bekom, deur Sy Seun ons Verlosser, aan die Kerk opdrag gegee het om aan al die nasies die Evangelie van Sy genade te verkondig, waarin Hy vrylik aan alle mense vergifnis en die ewige lewe aanbied, en ‘n beroep op hulle doen om die sonde te versaak, en die Here Jesus Christus te ontvang deur op Hom in geloof te steun.

11. AANGAANDE DIE HEILIGE GEES

Ons glo in die Heilige Gees, die Here, die Gewer van lewe, wat vrylik werk soos Hy wil, sonder Wie se lewe gewende genade daar geen verlossing is nie, en Wie die Vader nooit weerhou van enige een wat om Hom vra nie. Ons is dankbaar dat Hy deur die eeue in die harte van mense gewerk het en dat Hy gespreek het deur die profete; dat Hy kragtig gestuur is deur die verhoogde Verlosser om die wêreld te oortuig van sonde, om mense se verstand te verlig aangaande die kennis van Christus en om hulle te oorreed en in staat te stel om die roepstem van die Evangelie te gehoorsaam; en dat Hy by die Kerk bly en in elke gelowige inwoon as die Gees van waarheid, heiligheid en vertroosting.

12. AANGAANDE UITVERKIESING EN WEDERGEBOORTE

Ons erken en glo nederig dat God die Vader nog voor die grondlegging van die wêreld, dit in Sy soewereine genade goed gevind het om in Christus vir Homself ‘n volk te kies, wat Hy aan die Seun gegee het, en aan wie die Heilige Gees geestelike lewe gee deur ‘n onverklaarbare en wonderlike werking van Sy krag, deur gebruik te maak van die gewone middele nl. die waarhede van Sy Woord, wat oor baie jare vir ons (die Kerk) verstaanbaar geword het. Hy doen dit op ‘n wyse wat dit volgens die aard van die mens moontlik maak om dit te kan aanvaar; sodat hulle van Bo gebore, kinders van God is, geskape in Jesus Christus om goeie werke te doen.

13. AANGAANDE REGVERDIGMAKING DEUR GELOOF

Ons glo dat elkeen wat deur die genade van die Heilige Gees berou het oor sy sonde en glo in die Evangelie, sy sonde bely en versaak, en nederig op Christus alleen staat maak vir redding, sonder dat hy dit verdien, vergewe sal word en aanvaar sal word as regverdig in die oë van God, slegs op grond van Christus se volmaakte gehoorsaamheid en versoenende offer.

14. AANGAANDE ONS KINDSKAP IN CHRISTUS

Ons glo dat hulle wat Christus in geloof aanvaar, met Hom verenig is, sodat hulle deel het aan Sy lewe en uit Sy volledige voorsiening ontvang: dat hulle aangeneem word in die Familie van God, mede-erfgename gemaak word saam met Christus, en dat Sy Gees in hulle woon as die bewys van hulle kindskap, en die waarborg van hulle erfenis.

15. AANGAANDE DIE WET EN NUWE GEHOORSAAMHEID

Ons glo en erken dat die Here Jesus Christus deur Sy genade Sy mense onder ‘n nuwe verpligting geplaas het om die volmaakte wet van God te gehoorsaam, en dat Hy deur lering en voorbeeld ons kennis van die wet vergroot het en dat Hy vir ons die gees van broederlike liefde gewys het waarin die Goddelike wil gehoorsaam moet word; en ons dank God dat die gehoorsaamheid van Christene, hoewel altyd onvolmaak in hierdie lewe, tog die vrugte van hul verbintenis met Christus is en om Sy onthalwe aanvaar word en welgevallig is by God.

16. AANGAANDE HEILIGMAKING EN VOLHARDING

Ons glo dat die Heilige Gees wat in al Christus se mense inwoon, hulle harte reinig, en hulle so in staat stel om vrywillig en blymoedig te doen wat God se wil vereis sodat, tot die mate dat hulle hulself oorgee aan die Gees van God en die leiding van Sy Woord volg, hulle krag sal vind vir die daaglikse diens, en groei in heiligmaking na die beeld van hulle Heer. As hulle van God verwyderd raak as gevolg van nalatigheid of omdat hulle nie bid nie, of as enige van hulle verval in geestelike traagheid of in ernstige sonde, sal hulle nogtans gered word van verwerping deur die genade van God wat getrou bly, maar hulle sal gelouter (getug) word vir hul terugval, en deur diepe berou herstel word in Sy guns, sodat hulle nie verlore gaan nie.

17. AANGAANDE DIE KERK

Ons erken een heilige en algemene Kerk, die ontelbare skare van geheiligdes van elke eeu en uit elke nasie wat deur die Heilige Gees in Christus as hul Hoof verenig is, en een is in Sy liggaam en gemeenskap het met hul Heer en met mekaar. Verder aanvaar ons dit as die wil van Christus dat Sy Kerk op aarde sal bestaan as ‘n sigbare en heilige broederskap, bestaande uit die wat in Jesus Christus glo en in gehoorsaamheid aan Hom, saam met hul kinders georganiseer is vir: die belydenis van Sy naam, die openbare aanbidding van God, die opbou van die heiliges en die verkondiging van die Evangelie. Ons erken as ‘n deel van hierdie universele broederskap, elke Kerk in die wêreld wat min of meer suiwer, hierdie geloof in Jesus Christus en gehoorsaamheid aan Hom as Goddelike Heer en Verlosser bely.

18. AANGAANDE DIE REGERING VAN DIE KERK EN DIE GEMEENSKAP VAN DIE GELOWIGES

Ons glo dat die Here Jesus Christus as die enigste Hoof van Sy Kerk, verorden het dat die aanbidding, lering, dissipline en regering van die Kerk uitgevoer moet word volgens Sy wil, soos geopenbaar in die Heilige Skrif, deur ampsdraers wat gekies word vanweë hul geskiktheid en op die regte wyse vir hulle amp afgesonder is; en al sou die sigbare Kerk, selfs in Sy suiwerste vertakkinge, onwaardige lidmate hê en geneig wees om verkeerd te doen, behoort gelowiges nie geredelik die gemeenskap met die Kerk op te sê nie, maar behoort in hierdie gemeenskap met hulle broers saam te leef. Hierdie gemeenskap (eenheid) moet, as God die geleentheid bied, uitgebrei word na almal wat op elke plek die naam van die Here Jesus aanroep.

19. AANGAANDE DIE HEILIGE SKRIF

Ons glo dat God, wat Homself bekend maak in die Skepping, in Sy voorsienigheid, en veral in die gees van die mens, dit goed gevind het om Sy doel en wil vir ons redding te openbaar in

opeenvolgende tye en op verskillende maniere; en dat hierdie openbaring, sover nodig, neergeskryf is deur mense wat geïnspireer is deur die Heilige Gees, in die Geskrifte van die Ou en Nuwe Testamente, wat daarom toegewyd bestudeer moet word, as God se Geskrewe Woord of boodskap aan die mensdom, en ons erken eerbiedig dat dit die Heilige Gees is wat spreek deur die Skrif, as die Hoogste Gesag in sake van geloof en verantwoordelikhede.

20. AANGAANDE DIE SAKRAMENTE

Ons erken die doop en die Here se nagmaal as die twee sakramente wat deur Christus ingestel is as ‘n ewige verpligting, as tekens en seëls van die nuwe verbond, bekragtig in Sy kosbare bloed; en dat deur die nakoming hiervan, Sy Kerk haar Heer bely en sigbaar onderskei word van die res van die wêreld. Die doop met water in die naam van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees is die sakrament van inlywing in die Kerk en in die verbond van genade. Die verbond word nie slegs hierdeur voortgesit nie, maar wedergeboorte deur die Gees, die vergifnis van sonde en ‘n verbond om aan die Here te behoort, word ook beloof aan hulle wat in geloof in Christus eenheid met Christus verkry. Die Here se nagmaal is die sakrament van gemeenskap met Christus en met Sy mense, waarin brood en wyn gegee en ontvang word in dankbare herinnering aan Hom en Sy offer aan die kruis, en waarin hulle wat dit in geloof ontvang op ‘n geestelike wyse deel het aan die liggaam en bloed van die Here Jesus Christus tot hulle bemoediging, voeding en groei in genade.

21. AANGAANDE DIE WEDERKOMS

Ons glo verseker dat op ‘n dag wat net aan God bekend is, die Here Jesus Christus onverwags uit die hemel sal kom, in krag en groot heerlikheid; en ons sien hierdie tweede koms van die Verlosser as die vreugdevolle hoop van Sy Kerk, waarvoor ons altyd moet wag in verstandige waaksaamheid en pligsgetrouheid, sodat ons gereed gevind sal word wanneer Hy kom.

22. AANGAANDE DIE OPSTANDING

Ons glo dat die siele van die regverdiges by hul dood in ‘n toestand van rus en geluk tuis gaan by die Here; dat daar ‘n opstanding uit die dood sal wees, beide van die regverdiges en die onregverdiges, deur die krag van die Seun van God; en dat die liggame van almal wat in Christus rus en die gelowiges wat nog lewe wanneer Hy kom, herskep sal word na die voorbeeld van Sy verheerlikte liggaam.

23. AANGAANDE DIE LAASTE OORDEEL

Ons glo dat God die wêreld regverdig sal oordeel deur Jesus Christus voor wie alle mense moet verskyn. Hy sal die regverdiges skei van die goddelose, die geheime van die hart openbaar, en elkeen vergeld volgens sy werke in die liggaamlike bestaan, hetsy goed of kwaad. Die goddelose sal na die ewige straf gaan, en die regverdiges na die ewige lewe.

24. AANGAANDE DIE EWIGE LEWE

Ten slotte, glo ons aan en begeer ons die ewige lewe waarin die velostes hul heerlike erfenis sal ontvang in die Koninkryk van hul Vader, en volmaak gelukkig sal wees in die teenwoordigheid en diens van God, vir Wie hulle sal sien en geniet vir ewig en ewig.

AMEN.